# DIE SKAKEL

MAANDBLAD VAN DIE
NED. GEREF. GEMEENTE QUEENSWOOD

No. 140
September 1988


# Ons gemeente 25 jaar oud!

## Die ongeskrewe kronieke van ons gemeente!

Deur die afgelope 25 jaar, het daar mooi geleenthede in ons gemeente plaasgevind, soos hierna beskrywe. En tog is daar talle en talle geleenthede en gebeurtenisse wat nie beskryf is nie omdat dit deel uitmaak van die gewone arbeid — die roetinewerk van die leraars, kerkraad, ampsdraers en gelowiges van Queenswood die afgelope 25 jaar!

Hier dink ons aan die Woordverkondiging Sondae tydens die eredienste en by die weeklikse Bybelstudiegeleenthede, die jare se getroue huisbesoek en siekebesoek, kategese en belydenisafleggings, maandelikse kerkraadsvergaderings, byeenkomste van aksies, kursusse, kampe, huwelike — ja, blydskap by die geboorte van kleingoed, droefheid by die afsterwe van soveel dierbares, die kom en gaan van toegewyde lidmate — jonk en oud ... die ongeskrewe kronieke van ons gemeente!

Maar al is daar baie gebeurtenisse hier op aarde nie op skrif gestel nie, weet ons dat dit opgeteken staan in God se Lewensboek — manne en vroue, jongmense en kinders wat tot geloof gekom het, tot 'n nuwe toewyding, egpare wat met getrouheid hulle kinders vir die Here grootgemaak het, opofferings en naastediens wat in stilte sonder erkenning maar uit liefde gedoen is — die ongeskrewe kronieke van ons gemeente wat tog groot blydskap in die hemel gebring het!

Die wonder van dit alles bly egter nog steeds dat ten spyte van ons ontrouheid en kleingeloof die afgelope kwarteeu, God in Sy groot genade en liefde vir die gemeente Queenswood trou gesorg het en nog steeds voortgaan met Sy werk. Ons dank Hom vir elkeen — oud en jonk — wat in die 25 jaar in ons gemeente

- tot bekering gekom het,
- tot 'n nuwe oorgawe en toewyding gekom het,
- met geesdrif en oorgawe geleef het vir Christus en Sy kerk!

Saam stap ons die onbekende toekoms in deur onsself opnuut aan Hom, die Koning van die Kerk, toe te wy met die versekering uit Sy Woord: "Dat God wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

**(Filip. 1 vers 6)**

# 25 jaar van genade

Op Dinsdag 13 September 1988 sal ons gemeente D.V. 25 jaar oud wees!

Vyf-en-twintig jaar in die lewe van 'n gemeente is nie lank nie, maar as die gemeente terug kyk op die eerste 25 jaar dan besef almal dat dit tog 'n belangrike tydperk was — 'n tyd van wik en weeg, bou en beur — van groei vanuit die onsekere kinderskoene tot 'n volwasse, selfstandige makrogemeente.

As gemeente buig ons in hierdie feesjaar met groot dankbaarheid en erkentlikheid voor Hom, die Koning van die Kerk, wat in die afgelope kwarteeu in Sy groot genade en liefde ons gemeente gebou, geseën en bewaar het. Aan Hom alleen al die eer, die dank en die aanbidding!

# Uit die kronieke van ons gemeente

Ons nooi u uit om saam met ons deur die geskiedenisalbum van ons gemeente te blaai — om in 'n voëlvlug die afgelope 25 jaar onder oë te neem:

- Die geskiedenis van die gemeente begin reeds enkele jare voor afstigting van die moedergemeente Hartbeesspruit deurdat die huidige George Purvis gedenksaal reeds op 27 Mei 1961 in gebruik geneem is. In hierdie saal is daar gereeld eredienste gehou vir die lidmate van hierdie omgewing.

**1963**

- Die gemeente Queenswood is op 13 September 1963 afgestig van die gemeente Hartbeesspruit met 'n lidmatetal van 630.
- As eerste ampsdraers word die volgende persone aangestel: Floors Buys (tans nog koster) as skriba/koster; Willie du Plessis as kassier (tans nog ouderling) en later as hulpkassier wyle Nic Jacobs.
- Proponent H.D.K. van der Merwe tree op as pastorale hulp in die gemeente tot en met die ontvangs van die eerste leraar.

**1964**

- Na verskeie beroepe aanvaar ds. J.P. Claasen van Coligny die beroep na ons gemeente en lewer op Sondag 26 Julie 1964 sy intreepreek. Vir die gemeente is dit 'n groot vreugde om hulle eerste leraarspaar te verwelkom. Saam word daar met groot geesdrif en entoesiasme beplan en gewerk!
- Die kategeseskool bloei en groei met 'n totaal van 297 kinders en 'n toegewyde personeel. Tans is daar in die twee kategeseskole 562 kinders en 45 kategete.
- Die Bond van Dienaresse, nou die Vrouediens, word op 3 September 1964 gestig met mevv. Lou Claasen en Maggie Swart as voorsitter en ondervoorsitter en mev. Rina Buys as sekretaresse.
- Die eerste pastorie van die gemeente by Webbweg 1221, word op 1 Desember 1964 deur ds. en mev. Claasen en hulle gesin betrek. Die totale boukoste beloop R17 000,00.

**1968**

- In hierdie jaar word die Laerskool Queenswood geopen. Vir 'n geruime tyd gebruik die gemeente Sondae die skoolklaskamers vir die kategese van die gemeente.
- Op 13 September vier die gemeente sy vyfde verjaardag met 'n luisterryke funksie in die kerksaal.

**1969**

- Op 15 Maart 1969 word die tweede leraarspaar Proponent en mevrou E L Esterhuizen in die gemeente ontvang en bevestig.

**1970**

- Ds. en mev. Esterhuizen met hulle gesin neem hulle intrek in die pastorie by Woodlandsrylaan 1256.


**1971**

- Die sooispitplegtigheid vir die nuwe kerkgebou vind op 30 April 1971 plaas saam met die gemeentebasaar op die kerkterrein.
- Op 11 November 1971 word die Herfsblaarklub vir senior lidmate gestig met as stigterslede mevv. Poppie Holt, Maggie

# Die beginjare...



*Kerksaal — waar die gemeente eers aanbid het.*



**Eerste Kerkraad 1963**

*Voor: Oudl J.J. Swart, ds. N.E. de Kock, C.J. Els, ds. J.P.W. de Vries (konsulent), F.J. Heyman, S.F. van Wyk, A.J. du Plessis.*
*Middel: Diakens D. Thompson, J. Bernhardi, Oudl. G.D. Scholtz, *W.F. van Reenen, H.J. Strydom, A. Badenhorst, A. Graham, J.H. de Villiers, C.E.G. Schutte, D.F. Nel, J.G. Brummer.*
*Agter: Diakens H. v.d. Merwe, J.J. du Plessis, C.P.M. Kruger, *W.S. du Plessis, J.H. Taute, N. Jacobs, A.N.P. Lubbe, P.S. Kruger, J.J.G. Stimie, C.J. Nel, oudl. J. Potgieter, diakens C. Pretorius, *F. Buys (scriba en koster), M.H.B. Nel.*
** Nog dienende in 1988.*



*Dr. en mev. J.P. Claasen, Pieter, Philippus en Johan.*



*Ds. en mev. E.L. Esterhuizen, Judy-Marié en Marelee.*

Swart, Molly van der Merwe, Mara Joubert, Gerrie van Zyl.

**1972**

● Die hoeksteenlegging van die kerkgebou vind onder groot belangstelling plaas op 19 Februarie 1972. Die treffende woord uit 1 Petrus 2:4 nl "Kom na Hom toe, die lewende steen" is op die hoeksteen aan die voorkant van die kerkgebou aangebring.

● Die ingebruikneming van die doelmatige kerkgebou vind gedurende die naweek van 18 en 19 November 1972 met groot vreugde en dankbaarheid plaas. Prof. J.A. Heyns lewer die feesrede en die Sondagoggend is daar 1 365 mense in die kerk. Die finale boukoste beloop R170 000.

● Aanbouings by die kerksaal het gelyktydig met die oprigting van die kerkgebou plaasgevind. Die susters was verheug oor die vergrote kombuis. Nuwe kleedkamers is agter die saal aangebring. Koste ongeveer R10 000.

**1973**

● In Januarie word mnr. Pierre Basson in diens geneem as saakgelastigde en mev. Corrie Swart as tikster. Mev. Elsabe Alberts doen sedert 1975 diens as tikster.

● Gedurende hierdie jaar neem dr. Jac Schoeman as orrelis oor van mnr. R. Mathlener wat sedert Augustus 1968 as orrelis diens gedoen het.

● Op 13 September 1973 is die gemeente tien jaar oud! Die gemeente kyk met groot dankbaarheid terug op die troue sorg en voorsiening van die Here.

**1976**

● Gedurende Mei aanvaar dr. P. Claasen die beroep as Predikant in Sinodale Diens met opdrag Leer en Aktuele Sake vir Noord-Transvaal en later dié jaar word hy aangestel as dosent by die Universiteit van die Noorde.

● Ook ds. en mev. Esterhuizen vertrek aan die einde van Junie 1976 na die nuutgestigte gemeente Nooitgedacht, Bronkhorstspruit.

● Ds. en mev. J.A. van den Berg en hulle twee seuns van Tzaneen word op Saterdag 14 Augustus 1976 in die gemeente ontvang en bevestig. Hy lewer op Sondag 15 Augustus 1976 sy intreepreek.

● Die maandblad van die gemeente "Queenswood Gemeentenuus" verskyn aan die begin van November 1976 met interessante nuus en wetenswaardighede. Die eerste redaksie van die blad was oudl. P.H. Spies (sameroeper) diak. H.F. van Zyl (sekretaris) en oudl. P.F. du Toit (taaladviseur).

● Aan die begin van Oktober verwelkom die gemeente sy nuwe orrelis Wim Viljoen. Hy het o.a. aan die Universiteit van Pretoria en ook in Parys in Frankryk in musiek gestudeer en tree nog steeds met groot bekwaamheid as orrelis in ons gemeente op. Hy is dosent in die musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria.

● Op Saterdag 27 November word ds. D.P. van Zyl van Uitenhage in die gemeente bevestig waarna hy en sy eggenote m. hulle vier dogters en een seun gesellig ontvang word. Hy lewer op Sondag 28 November 1976 sy intreepreek.

● Op hierdie stadium is daar 1 411 belydende lidmate en 774 kinders in die gemeente. Die aantal besoekpunte bestaan uit 587 gesinne en 87 enkelinge wat 'n totaal van 674 besoekpunte gee.

**1977**

● Die kategesewerksaamhede van die gemeente kry 'n hupstoot met die ingebruikneming op Sondag 20 Februarie 1977 van die nuwe kategeselokale direk langs die kerksaal.


● Dr. Jan du Rand, dosent in Nuwe Testament en Bybelkunde van ons Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, wat met sy gesin ook lidmate van ons gemeente is, word deur die kerkraad vir 'n jaar aangestel as pastorale hulp en om die paadjie oop te trap vir die beroeping van 'n derde medeleraar. Hy is tans professor in Nuwe Testament by ons Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

● Gedurende Junie word mev. Mickey Swanepoel van Corrystraat 210, deur die kerkraad as kolportrise aangestel. In die afgelope elf jaar het sy met groot toewyding en geesdrif R88 000 se boeke in ons gemeente verkoop.


Gedurende 1984 het sy 4 000 eksemplare van die Nuwe Afrikaanse Vertaling in ons gemeente versprei.

● Onder leiding van die susters van ons gemeente word daar op Donderdag 8 September 1977 begin met twee werkklasse vir

# Só is daar begin...



*Só het diep uitgrawings begin vir die bou van ons kerk. O, die turf — die liewe turf!*



*Ons kerk in aanbou — gesien uit 'n noordoostelike hoek.*



*Hoeksteenlegging van kerkgebou op 19 Februarie 1972. Van links: mnr. Paul du Plessis (argitek), ds. Ernst Esterhuizen en dr. Piet Claasen.*

swart huishulpe. Nie alleen word die fyner kunsies van naaldwerk vir die vrouens geleer nie, maar ook die Evangelie van Jesus Christus verkondig.

- Die kerkraad besluit op 20 Oktober om oor te gaan tot die beroeping van 'n derde leraar vir ons gemeente. Op hierdie stadium bestaan ons gemeente uit 1 700 belydende lidmate en 850 dooplidmate.
- Die eerste skoolverwisselingskamp vir Noord-Transvaal vind gedurende Desember onder leiding van ds. Dirk Viljoen, predikant in diens van die Algemene Sinode vir arbeid aan dooplidmate en ouderling in ons gemeente, by Pienaarsrivierkampterrein plaas. Deur die jare het 'n groot aantal van ons St 5 leerlinge hierdie geseënde kampe bygewoon.

**1978**

- Op Saterdag 21 Januarie word ds. en mev. P.A. van der Merwe van Vrede in ons gemeente as derde leraarspaar ontvang. Hy lewer op Sondag 22 Januarie sy intreepreek. Die gemeente word deur die kerkraad heringedeel en bestaan nou uit 'n Noord, Suid en Oos leraarswyk.
- Vanaf 17 tot 24 April vind die jaarlikse skoolverlaterskamp by Badseloop in Noord-Transvaal plaas. 'n Groot aantal van ons gemeente se matrikulante het deur die jare hierdie kampe met groot vrug bygewoon.
- Gedurende Julie versoek die Vrouediens die kerkraad om ondersoek in te stel na die moontlike oprigting van 'n tuiste vir bejaardes in ons gemeente. Die kommissie wat die opdrag ontvang en met groot ywer aan die werk spring is: ds. J.A. van den Berg, oudl. J.F. Becker, diak. H.F. van Zyl, C.J. Kruger en mev. Jossie van der Merwe namens die Vrouediens.
- Op 31 Augustus besluit die kerkraad om 'n fonds te stig vir Sonja du Plessis, 'n serebraal-verlamde dogtertjie woonagtig saam met haar ouers by Watkinslaan 291. Sy moes 'n delekate breinoperasie ondergaan wat meer as R5 500 sou kos. Binne veertien dae dra ons lidmate R4 000 by en maak die operasie moontlik.
- Op Sondag 29 Oktober tydens die Hervormingsfees neem ook ons gemeente die nuwe Psalm- en Gesangboek luisterryk in gebruik — en kan ons gemeente sing!
- Op 13 November besoek die bekende ds. Pine Pienaar ons met sy ewe gewilde skilderye. By hierdie geleentheid verkoop hy R4 000 se skilderye. In 1984 vind 'n tweede uitstalling plaas waartydens R15 000 se skilderye verkoop word vir die werk van die Portugese gemeente.
- Die gemeente se jaarlikse Kerssangdiens vind op Sondagaand 3 Desember plaas. Nog elke jaar het ons kerkkoor in samewerking met dié van Valhallagemeente van hierdie geleentheid iets onvergeetliks gemaak!

**1979**

- Op Sondagaand 28 Januarie word daar in ons gemeente oorgegaan tot die stigting van die Aksie vir jonggetroudes met as eerste voorsitter Louis Conradie. Deur die jare het hierdie aksie ons jonggetroudes toegerus vir hulle huwelikslewe en ingeskakel by dienswerk in die gemeente.
- Aan die einde van Februarie 1979 word die volgende sensusgegewens aan die gemeente bekend gemaak: 1 834 belydende lidmate, 857 dooplidmate, 727 gesinne, 240 enkelinge, d.w.s. 967 besoekpunte.
- Op Sondagoggend 8 Julie vind die eerste uitsaaidiens uit ons kerkgebou plaas met ds. Jan van den Berg as prediker.
- As gevolg van die groei in lidmatetal word daar op Sondag 5 Augustus begin met twee oggend-eredienste gelyktydig om 09h00, een in die kerk en een in die kerksaal. Die erediens in die kerksaal word al om die drie maande op 'n leraarswyksbasis roteer.
- Ons gemeente neem op Sondag 26 Augustus die nuwe Afrikaanse proefvertaling van die Nuwe Testament en die Psalms feestelik in gebruik.
- In die gemeentebrief van September word berig dat die kommissie van die kerkraad alreeds 'n argitek, mnr. Paul du Plessis wat ook die argitek van ons kerkgebou was, aangestel het en dat daar volstoom gewerk word aan die beplanning van 'n tuiste vir bejaardes op die stuk grond direk agter ons kerk.
- Die Oktoberuitgawe van die gemeentebrief (no. 35) maak met groot vreugde die nuwe naam van die blaadjie bekend nl. "DIE SKAKEL". Deur die jare het hierdie maandblad geseënde skakelwerk tussen kerkraad en gemeente bewerkstellig.

# Só het die leraars gekom



*Van links: Jan-Albert, ds. Jan, Johan en mev. Minda van den Berg. Ontvang en bevestig 14 Augustus 1976.*



*Van links: Adéle, Lindi, ds. Danie, Danie, mev. Martie van Zyl, Sonja en Martie. Ontvang en bevestig 27 November 1976.*



*Ds. Toon en mev. Stefanie van der Merwe. Ontvang en bevestig 21 Januarie 1978.*

**1980**

● Met 'n skenking van R1 000 wat ons kerkraad maak, word 'n liefdadigheidstrust genaamd Herfsblaartrust in die lewe geroep. 'n Raad wat hierdie trust beheer, word saamgestel uit die volgende gemeentelede: oudl. L.A. Stuart, R.H. Landman, G.S.R. Perold, diaken C.J. Kruger, mev. J. van der Merwe, ds. J.A. van den Berg (voorsitter) en die volgende gekoöpteerde lede: diaken D. Badenhorst, mnr. H.F. van Zyl en mev. M. van den Berg. Alhoewel die Raad heeltemal selfstandig optree, bepaal die trustakte dat die hele onderneming steeds geskied onder die voogdyskap van ons gemeente. As sekretaris word oudl. Floors Buys aangestel om die administratiewe kantoor te behartig.

● Die jaarlikse Pinksterreeks neem 'n aanvang op Donderdag 15 Mei met die tema "Die Heilige Gees werksaam in sy gemeente" met ds. Jan van den Berg as prediker.

● Na maande se onderhandelinge berig die September uitgawe van DIE SKAKEL dat die Stadsraad van Pretoria besluit het om 2,2 hektaar grond direk agter ons kerkgebou aan die Herfsblaartrust teen 'n bedrag van R162 000 te verkoop vir die beoogde oprigting van 'n tuiste vir bejaardes. Daar heers groot blydskap en dankbaarheid — die Here het verhoor!

● Rondom die sewentiende verjaarsdag van die gemeente op 13 September hou die verskillende jeugaksies 'n baie geslaagde jeugnaweek met o.a. 'n Kraanvoëlaand (die ou tiekie-aand!) onder leiding van ds. Danie van Zyl.

● Op Sondag 19 Oktober vind die ingebruikneming van 'n sendingkerkie plaas by Sandfontein naby Saulspoort. Ons gemeente het die fondse vir die bou van die kerkie bygedra, terwyl die Sendingkommissie, die susters en die BKJA hartlik saamgewerk het om dit 'n mooi en onvergeetlike dag vir die sendinggemeente te maak! Ds. Danie van Zyl is die prediker by die geleentheid.

● Op Woensdag 19 November vergader 260 belangstellende persone in ons kerksaal vir 'n inligtingsvergadering rondom die beoogde tuiste vir bejaardes in ons gemeente.

**1981**

● Op Sondag 25 Januarie tref 'n verwoestende vloedramp Lainsburg en Montagu. Aangegryp deur die nood van medemense dra ons gemeente meer as R5 000 vir die vloedrampfonds by.

● Op Saterdag 2 Mei vind 'n groot basaar op die kerkterrein plaas tydens die sooispitfunksie vir die gemeente se eie tuiste vir Bejaardes Huis Herfsblaar. Daar word hartlik saamgewerk en feesgevier. Soos altyd onderskei ons susters hulle met hulle ywer en deeglikheid! Die mooi bedrag van R13 000 word ingesamel.

● Die Pinksterreeks neem 'n aanvang op Donderdag 28 Mei met die tema "Die Modelgebed" en ds Danie van Zyl as prediker.

● Op Sondag 16 Augustus word die Aanbiddingsentrum vir swart lidmate in die Queenswood-wyk van die Mamelodi-gemeente van die N.G. Kerk in Afrika op die grond van mnr. Danie Joubert in Edgehillsteeg ingebruik geneem. Dr. Ockie Erasmus, skriba van die N.G. Kerk in Afrika en saam met sy gesin woonagtig in ons gemeente, beteken vir ons gemeente op sendinggebied oneindig veel met sy raad en leiding.

● Daar is groot vreugde in die ouergemeenskap van Queenswood met die aankondiging op Woensdag 26 Augustus dat die Transvaalse Onderwysdepartement besluit het om nie meer voort te gaan met die beplande sluiting van ons plaaslike laerskool nie. Immers, deur al die jare was en is daar nog 'n noue band tussen ons gemeente en hierdie besondere laerskool waar ons kinders hulle eerste onsekere skooltree gegee het.

● Op Woensdag 11 November vier 80 lede van die Herfsblaarklub die tiende verjaarsdag van hierdie aksie vir senior lidmate van ons gemeente. Mev. Poppie Holt en haar helpsters kwyt hulle goed van hulle taak!

**1982**

● Vanaf 18 tot 20 Maart woon di. Toon van der Merwe en Jan van den Berg asook oudl. Martin Teichler, hoof van die Hoërskool Staatspresident C.R. Swart en mnr. Joggie van Bruggen, hoof van die Laerskool Queenswood die Afrikaner-Onderwyskongres in Bloemfontein by.

## Sooispitfunksie van Huis Herfsblaar en Basaar 2 Mei 1981




*Die groot aankondiging met die leë terrein op die agtergrond waarop Huis Herfsblaar gebou is.*



*Louis Zietsman, jeugouderling en getroue staatmaker op sy pos in die kerktoring besig om die basaar met musiek op te luister.*



*Tannie Maggie Swart, baasorganiseerder van die susters by die grootkoektafel. Sy en haar eggenoot Oom Blackie, was stigterslede van die gemeente en altyd getrou op hulle pos. Hulle is albei in 1987 oorlede.*

● Op Woensdag 12 Mei tydens die byeenkoms van die Herfsblaarklub in ons kerksaal, vind daar 'n stokperdjiefees vir ons senior lidmate plaas — leersaam en baie interessant.

● Die Pinksterbidure begin op Maandag 24 Mei met die onderwerpreeks: "Gevra — 'n Verlore kind" met as prediker ds. Toon van der Merwe.

● Ons kerkraad se sendingkommissie in samewerking met die kerkraad van die N.G. Kerk in Afrika in Mamelodi begin op 1 September met 'n pre-primêre skool vir swart kinders aldaar. Met die hulp van verskeie lidmate word daar tafeltjies, stoeltjies en speelapparaat gemaak.

● Met die koms van die lente verskyn die Oktober-uitgawe van DIE SKAKEL in 'n kleurvolle baadjie met o.a. die populêre rubriek "Ons stel bekend" waarin van ons bekendste lidmate maandeliks deur 'n foto en interessante beskrywing aan ons gemeente bekend gestel word. Mnr. Flippie du Toit, bekwame taaladviseur en eindredakteur van ons maandblad het 'n leeueaandeel aan die verskyning daarvan elke maand.

**1983**

● Op Maandag 10 Januarie, na vier jaar van moeisame beplanning, harde werk en bo alles volhardende gebed, word met die oprigting van Huis Herfsblaar, tuiste vir senior lidmate, agter ons kerkgebou begin. Die meelewing en belangstelling van ons gemeente is 'n riem onder die hart.

● Op Sondag 1 Mei, net ná die oggenddiens, word daar begin met 'n katkisasieklas vir volwassenes in die konsistorie met die tema "Woord en Belydenis".

● Vanaf Sondagaand 1 Mei tot die laaste Sondagaand van Augustus begin die eredienste om 18h00 i.p.v. 19h00. Op hierdie wyse probeer ons die koue kul en ons lidmate help om Sondagaande vroeër uit die koue te kom.

● Die Pinksterreeks begin op Donderdag 12 Mei met die tema "Die Heilige Gees en Nuwe Lewe" en ds. Jan van den Berg as prediker.

● Ons gemeente deel in die feesvreugde van ons plaaslike laerskool toe die Administrateur van Transvaal, mnr. Willem Cruywagen, op Saterdag 4 Junie die amptelike naamsverandering van dié skool van die Laerskool Queenswood na die Laerskool Volkshoop, waarneem.

● Op Vrydagaand 26 Augustus vind daar om 19h00 'n Bybelfees in ons kerk plaas rondom die herdenking van die verskyning van ons Afrikaanse Bybel 50 jaar gelede. Daarna trakteer ons susters ons met 'n fantastiese uitstalling van blommerangskikkings wat elke boek van die Bybel uitbeeld met die tema "Kom ons sê dit met blomme". Tydens die eredienste op Sondag 28 Augustus dank ons gemeente die Here vir Sy Wonderlike Woord in ons eie taal. Die prediker is prof. A.H. van Zyl van ons Teologiese Fakulteit in Pretoria en een van die huidige Bybelvertalers.

● Die twintigste verjaarsdag van die gemeente word op luisterryke wyse gevier met 'n gemeentegeselligheid op Saterdag 10 September op die rugbyveld van die plaaslike laerskool en op Sondag 11 September om 09h00 lei die vorige leraars dr. J.P. Claasen en ds. E.L. Esterhuizen die erediens. Tydens die aanddiens om 19h00 ontvang ons gemeente die afgevaardigdes na die Sinode van Noord-Transvaal en vier saam met hulle die Heilige Nagmaal. Op Dinsdag 13 September om 06h00 vind daar 'n dankie-sê-biduur in ons kerk plaas.

● Die sinode van Noord-Transvaal keur op 12 September die kerkraad se aansoek goed om voortaan by die Ring van Derdepoort ingedeel te word en nie meer by die Ring van Hartbeesspruit nie.

**1984**

● Sondag 8 April — Uitsaaidiens uit ons gemeente deur ds. Toon van der Merwe.

● Op Sondag 13 Mei neem ons gemeente saam met ons kerk oor die hele land met groot vreugde en dankbaarheid die nuwe jeugsangbundel ingebruik.

● Die Pinksterbidure begin op 31 Mei met die tema: "Wie in Christus is lewe deur die Gees" en ds. Danie van Zyl as prediker.


● Op Pinkstersondag 10 Junie vier ons saam met ons volk fees rondom die ingebruikneming van die Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel. Die prediker by die geleentheid is prof. E.P. Groenewald voormalige dekaan van ons Teologiese Fakulteit in Pretoria en ook voorsitter van die Eindredaksie van die Afrikaanse Bybelvertaling.

# Die Afrikaanse Bybel 50 jaar oud!

## Ons susters sê dit met blomme!




*Van links: Oudl. Walter en Stiena van Reenen en oudl. Floors en Rina Buys by die hoofrangskikking tydens die blommefees. Albei egpare is ook stigterslede van die gemeente.*




*Een van die kleurryke rangskikkings tydens die blommefees wat die boek Psalms uitbeeld.*



*Prof. Albertus van Zyl by die borsbeeld van Totius tydens die Bybeluitstalling in ons kerksaal.*

Hy bring op 'n treffende wyse die woord met Ps. 19 vers 8 as uitgangspunt: "Die Woord van die Here is volmaak; dit gee lewe". Hierdie fees is voorafgegaan deur 'n Bybellees-marathon (die deurlees van die Nuwe Vertaling in Afrikaans) wat 66 uur geduur en waaraan oud en jonk deelgeneem het.

● Op Saterdag 25 Augustus woon meer as 600 persone 'n besoekersdag by in ons kerksentrum. By hierdie geleentheid word die voornemende inwoners en hulle kinders ingelig oor die vordering met die bou van Huis Herfsblaar en word hulle met 'n besigtigingstoer deur die kompleks geneem.

● Gedurende Augustus, Oktober en November word daar 'n kamp vir elk van die drie leraarswyke se kerkraadslede gehou vir geestelike verdieping en -toerusting.

● Op Sondag 16 September vier ons na die oggenddienste met groot dankbaarheid die mondigwording van ons gemeente rondom 'n koppie tee.

● Tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op Donderdag 25 Oktober word dr. P.J.C. Loots, Besturende Direkteur van Radiokansel en jeugouderling in ons gemeente beroep as vierde leraar na ons gemeente. By dieselfde vergadering word die gemeente in vier leraarswyke verdeel nl. Noord-, Oos-, Suid-, en Weswyk.

● Gedurende November word 120 vrugtekoeke deur ons susters aan ons manne op die grens gestuur.

**1985**

● Hierdie jaar staan bekend as Jeugjaar in die Ned. Geref. Kerk en ook ons gemeente se aksies gee dwarsdeur die jaar op verskillende maniere aandag aan diè saak.

● Op Sondag 13 Januarie begin ons met twee oggenddienste na mekaar in die kerk nl. 08h30 en om 10h00. Die kategeseskool word volgens leraarswyke in twee selfstandige afdelings verdeel wat Sondae om 08h30 en 10h00 in die kerksaal vergader. Met hierdie reëling word in 'n lang gekoesterde ideaal voorsien wat die kategesewerksaamhede van ons gemeente betref, nl. dat elke klas sy eie klaskamer sal kan benut en nie meer in groot ruimtes hoef te vergader nie.

● Dr. en mev. Flip Loots en hulle dogter en twee seuns word op Vrydagaand 1 Februarie in ons gemeente bevestig en ontvang. Op Sondag 3 Februarie lewer hy sy intreeboodskap by die oggend- en aanddienste.

● Vanaf Donderdag 28 Februarie begin die eerste inwoners hulle intrek te neem in Huis Herfsblaar. Ons gemeente ontvang die 325 inwoners van die tuiste uit al vier windstreke van ons land (245 in die woonstelgedeelte en 80 in die versorgingseenheid) met oop arms. Die personeel van die tuiste (30 wit en 130 swart) lewer getroue en toegewyde diens. Die totale koste van die projek beloop R8,2 miljoen. Op hierdie wyse voorsien ons gemeente in die behoefte van ons senior burgers na voldoende huisvesting en liggaamlike en geestelike versorging. 'n Ideaal is verwesenlik — aan Hom alleen die eer!

● Aan die einde van Maart het ons lidmatetal soos volg vermeerder met die koms van ons senior lidmate: Belydende lidmate 2 097; dooplidmate 563; gesinne 744; enkelinge 501; besoekpunte 1 245 en senior lidmate bo 65 jaar 498.

● Die Pinksterbidure vind plaas vanaf 16 Mei met as tema "Met die Heilige Gees op pad" en die prediker is dr. Flip Loots.

● Van 1 tot 5 Julie bied die Jeugdienskomitee van die Vroueaksie 'n suksesvolle avontuurweek aan by die kerksaal. Gedurende hierdie week het 15 dames 128 kinders van ons gemeente en omgewing met geestige en geestelike programme besig gehou.

● Op Vrydagaand 16 Augustus bied die Jeugkommissie van ons kerkraad met die oog op die Jeugjaar, 'n baie geslaagde Pa-en-Seun aand in die kerksaal aan.

● Met die koms van Huis Herfsblaar word 15 ekstra wyke by die gemeente gevoeg wat 'n totaal van 100 kerkraadswyke vir die gemeente gee. Al die eer aan die Here wat deur al die jare manne en vroue voorsien het wat die meer as 200 kerkraadsposte met getrouheid en toewyding gevul het.

● Soos gebruiklik die afgelope paar jaar vind die jaarlikse Geloftefees op 16 Desember vir die drie Afrikaanse Kerke in ons omgewing, in ons kerkgebou plaas. Die rede vir die reëling is dat ons kerkgebou die grootste in die omgewing is en voldoende plek vir al die feesgangers verskaf.

# Ons gemeente vier fees!



*Tydens ons gemeente se 20ste verjaarsdag op Saterdag 10 September 1983 het hierdie groep manne lekker oor die ou dae gesels. Van links: Oudle. Chris Schutte, Walter van Reenen, ds. J.P.W. de Vries (eerste konsulent), Paul van der Merwe, Floors Buys, Blackie Swart, dr. Piet Claasen en ds. Ernst Esterhuizen.*



*Ons vier die mondigwording — 'n groepie lidmate wat sedert die stigting van die gemeente hier woonagtig is. Van links: Fanie, Marieks en Zubet Steyn, Roelf en Bessie Botes, Chris en Molly Schutte, Pierrene Jacobs, Danie en Heleen Joubert, Elsa en Schalk Loots, Susan en Pieter Scheepers, Maggie en Blackie Swart en Corrie Kruger.*



*Op Pinkstersondag 10 Junie 1984 neem ons gemeente die Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel ingebruik. Hier oorhandig prof. E.P. Groenewald drie eksemplare aan ons leierouderling Hennie Landman.*

● Op Kersdag word ons kerk, soos elke ander jaar, weer van hoek tot kant gevul met oud en jonk wat saam met die Christendom eer aan die Koning van alle konings bring!

**1986**

● Op Vrydagaand 7 Februarie begin meer as 30 gemeentelede met 'n naweekkursus in gemeentebou — 'n kursus waarin gelowiges toegerus word om op hulle beurt aan ander persone geestelike leiding te gee. Die belangstelling onder die kursusgangers is só groot dat voortgegaan word om vir die res van die jaar, elke Woensdagaand om 19h00 in die kerksaal die gevorderde kursus in gemeentebou aan te bied.

● Die Vrouediens bied vir die gemeente 'n heerlike Broodete aan op Vrydag 28 Februarie. Nie alleen leer die gemeentelede mekaar beter ken by hierdie geleentheid nie maar kry ook die geleentheid om die uitstalling van artikels gemaak deur die blinde en dowe swart kinders van die Boseleskool in Sekukuneland te besigtig as deel van die kerkraad se sendingkommissie se sendingnaweek.

● Op Saterdag 1 Maart vier Huis Herfsblaar sy eerste verjaarsdag met groot dankbaarheid teenoor die Here. Die personeel is vlytig in hulle diens, die inwoners is gelukkig in hulle nuwe tuiste en skakel op 'n pragtige wyse in by al die aktiwiteite van die gemeente.

● Saterdag 3 Mei trek die gemeente by ons kerksentrum bymekaar vir 'n wonderlike basaar van saamwerk, saamkuier en gesellige verkeer. Die mooi bedrag van R16 000 word ingesamel. Nog 'n aksie sien hierdie jaar die lig — Aksie 1 vir alle ongetroudes bo 25 jaar. Deur Bybelstudie en gereelde byeenkomste word daar 'n hegte band tussen lede gevorm!

● Vanaf 11 Mei vind die jaarlikse Pinksterbidure plaas met die tema: "Die Heilige Gees — Bouheer van Gods Koninkryk" en ds. Toon van der Merwe as die prediker.

● Vrydag 29 Augustus — stigting van Aksie vir Jong Moeders in ons gemeente.

● Op 28 en 29 November vind daar 'n gemeentekonsert onder beskerming van die Vroueaksie in die kerksaal plaas. Gemeentetalent word ingespan en die eenbedryf "Die Nominasie" word onder leiding van dr. Flip Loots en sy eggenote opgevoer.

**1987**

● Hierdie jaar word deur ons kerk landswyd as Gesinsjaar verklaar. Ook in ons gemeente word daar dwarsdeur hierdie jaar deur al die verskillende aksies aandag aan die noodsaaklikheid van 'n geestelik-gesonde gesinslewe gegee.

● Op Saterdag 17 Januarie bied die susters van die gemeente 'n vetkoekontbyt vir oud en jonk aan met die doel om gesellig te verkeer en mekaar beter te leer ken.

● In die gees van die Gesinsjaar loods die susters hulle Abraham Kriel Kinderhuis Boekeprojek. Met die doel om opvoedkundige leesstof te skenk vir die mediasentrum van die nuwe kinderhuis buite Pretoria bied die Vrouediens die volgende funksies aan:

● Woensdag 21 Januarie 'n funksie van sang en musiek vir ons senior lidmate rondom 'n groot boeke-uitstalling. Die teenwoordiges koop 'n groot aantal boeke om geskenk te word aan die kinderhuis.

● Op Saterdag 24 Januarie kry ons gemeente se moeders en dogters tydens 'n rooi-en-wit tuinparty ook die geleentheid om boeke vir bogenoemde projek aan te koop.

● Met bogenoemde funksies word R7 000 se kraaknuwe boeke aangekoop en later by 'n funksie deur ons gemeente se susters aan die kinders van Abraham Kriel oorhandig.

● Nog 'n Aksie vir die jongmense van ons gemeente verskyn op die toneel — Makja, die aksie vir matrikulante met programme so na die hart van al ons senior leerlinge.

● Ons gemeente is 'n aksievolle gemeente! Op Woensdag 11 Februarie kom 120 van ons senior lidmate in die kerk byeen vir die stigting van hulle eie aksie — die A.S.L. — Aksie Senior Lidmate.

● Op Sondag 10 Mei gedurende die oggenddiens oorhandig ds. Annè Verhoef van Bybelkor sertifikate aan 30 gemeentelede wat die gevorderde gemeenteboukursus met sukses deurloop het.

● Die Jeugkommissie van die kerkraad bied gedurende die naweek van 25 tot 27 September 'n voortreflike program aan met die tema "Topouers vir Toptieners" met dr. Andries Gous, die bekende pastorale raadgewer, as spreker.

# 1985 — die jaar van groot dinge



*Ons vierde leraarspaar ontvang en bevestig op 1 Februarie 1985. Van links: Dawie, mev. Louise Loots, Phil, dr. Flip Loots en Cornise.*



*Só het dit begin in Januarie 1983 — die terrein agter ons kerk word voorberei vir die oprigting van Huis Herfsblaar.*



*En só is dit voltooi in Februarie 1985 — Huis Herfsblaar tuiste vir 325 senior lidmate vanoor ons hele land.*

• Met die gesinsjaar in gedagte deel 100 egpare uit ons gemeente op Vrydagaand 16 Oktober in die eetsaal van Huis Herfsblaar 'n verrykende huweliksgesprek met prof. Murray Janson. Die mooi aand met die keurige ete en luisterryke program word deur die Vrouediens aangebied.

• Sondagoggend 27 Desember word die diens uit ons gemeente deur die S.A.U.K. uitgesaai met dr. Flip Loots as prediker.

• Gedurende Desember neem ons gemeente afskeid van mnr. Pierre Basson as saakgelastigde wat na 15 jaar se troue diens aftree en ook mnr. Flippie du Toit wat vir elf jaar as redakteur en taalversorger van DIE SKAKEL getroue en toegewyde diens gelewer het.

**1988**

• Ons gemeente se 25ste feesjaar word in DIE SKAKEL aangekondig met 'n pragtige feesembleem ontwerp deur oudl. Walter van Reenen.

• Die gemeente se nuwe saakgelastigde mev. Bernie Liebenberg aanvaar haar pos in die kerkkantoor op Maandag 11 Januarie.

• Op 3 Februarie word die nuwe redaksie van DIE SKAKEL aangewys met Theunis de Villiers as redakteur en Elize Pienaar as sekretaresse.

• Ons gemeente dra met spontane liefde meer as R13 000 by vir die vloedramp in die Oranje-Vrystaat. Vroeër die jaar is met twee kollektes R5 000 vir die Natalse vloedrampfonds bygedra.

• Op Saterdag 30 April hou ons gemeente weer groot basaar en die mooi bedrag van R26 000 word ingesamel.

• Vanaf Donderdag 12 Mei vind die jaarlikse Pinkster bidure in ons kerk plaas met die tema: "Die Heilige Gees werksaam in Sy Gemeente" en ds. Jan van den Berg as prediker.

• Op Sondag 26 Junie, so midde in die Sendingjaar, deel ons gemeente die blydskap van die swart lidmate van die wyk Wynandskraal van die gemeente Hammanskraal van die N.G. Kerk in Afrika met die ingebruikneming van hulle pragtige kerkgebou.

Hierdie projek is aangepak en afgehandel deur die Sendingkommissie van ons kerkraad in samewerking met die swart lidmate van die betrokke wyksgemeente.

• **Dinsdag 13 September — ons gemeente 25 jaar oud!**

**Soli Deo Gloria — Aan God alleen die eer!**

# Ons sê baie dankie

'n Woord van opregte dank namens die redaksie aan:

* Theuns de Villiers (as redakteur) en Elize Pienaar (sekretaresse) vir leiding en inisiatief.

* Oudl. Walter van Reenen en Floors Buys, ds. Jan en Minda van den Berg vir die navors en skryf van die kronieke.

* Flip Spies, 'n oudlidmaat van ons gemeente, en sy personeel van Beria Drukkery, wat die afgelope tien jaar elke maand sorg dat DIE SKAKEL só lesenswaardig en kleurvol verskyn.

# Ons Kwarteeufees Basaar




*Die twee voorbokke (leiers!) van ons Kwarteeufees basaar: Rita Bock (sekr. van die Vrouediens) en oudl. Floors Buys (voorsitter van die Basaarkommissie).*




*Ons senior lidmate se tafel het groot aandag getrek — mev. Joey du Plessis was verantwoordelik vir al die kraaigedoentes!*



*In ons kerksentrum se binnehof — oud en jonk smul aan die gebraaide skaapvleis en lekkernye tydens die basaar.*

# Ons Kerkraad — Maart 1988





*Boeke en nogmaals boeke vir die Abraham Kriel Kinderhuis — ons susters se bydrae vir die Gesinsjaar.*




*Mickey Swanepoel, ons ywerige kolportrise en haar goeie man, Bill.*

## Ons 25 jarige feesprogram

- **Sondagaand 4 September:** 19h00

Koor- en Orreluitvoering tydens Erediens.

- **Vrydagaand 9 September:** 19h00

Revue 25

Informele samekoms van gemeentelede om in dankbaarheid terug te kyk op 25 jaar se seëninge en gelowig voort te gaan. Luister na vertellinge van gebeure oor die jare deur vorige leraars en gemeentelede en kyk na skyfies.

VERVERSINGS!

- **Sondag 11 September:** 08h30 en 10h00

Feesdienste deur ons leraars. Gemeente geniet middagete saam op kerkterrein. Tydens aanddiens tree Noord-Transvaalse Jeugkoor op

- **Dinsdag 13 September:** Stigtingsdag

Vroeë biduur om 06h00.

- **Woensdag 14 September:**

Aksie Senior Lidmate: Feesprogram in Kerksaal om 09h30.

- **Saterdag 17 September:** Kunskermis

Uitstalling en verkoping van skilderye en ander items deur kunstenaars. 30% van die opbrengs gaan vir die gemeentefonds.

TEE EN VERVERSINGS DEUR VROUEDIENS!